# Woensdag Brief 2 September 2020

Gegroet vanuit die pastorie.

Gister was Lentedag en daarvan maak ons amper soos die ortodokse gelowiges wat op die dag wat Jesus se opstanding herdenk word, mekaar toeroep dat Christus regtig opgestaan het. Ons soek immer iets om te vier en lentedag bied ’n gulde en kleurvolle omgewing daarvoor. Soos Christus se opstanding vir ons ’n nuwe begin aanbied, so bied die lente ook ’n nuwe seisoen. Mag die bloeisels in die boorde en harte van al die Calitzdorpers bestuif word om ’n

groot oes te lewer. Mag die somerreënval betyds die vrug van water bied sodat die damme kan vol loop vir vorentoe se versorging.

Ons het Kersfees en lentedag en sulke geleenthede nodig soos ook verjaarsdae om te vier. Tog wys die digters van die lewe na die kortstondigheid van sulke oomblikke, soos bv. NP van Wyk Louw in gedig *Kom vannag in my drome*:
*Bo-oor blydskap en liefde / wat hierdie wêreld ken, / sal ons in roerlose straling / die ewige skoonheid ken // die skoonheid wat ons ’n oomblik / sien flikker en*

*vergaan / tussen die donker dinge / waardeur ons lewens gaan*.

Al is tyd relatief en ’n illusie, beleef ons tyd wat al hoe vinniger verbybeweeg soos ons ouer word. Ons moet gewoon elke moontlike geleentheid wat ons kan vier, voluit vier. Besonderse geleenthede wat nie gevier word nie, is ’n kans verspeel en keerdatums daarvan is nie altyd beskikbaar nie – soos Ina Rousseau in haar gedig *Keerdatum* wys:

*Hoe kry ek my lewe / betyds klaar geleef / in die klein bestek / vir my beskik, / as die ure nou / tot sekondes slink / en wik-wik-wik-*

*wik / my hart en die wekkers / elke dag elke nag / bietjie / vinniger tik.*
Ons kan natuurlik ook te veel vier wat gewoonlik uitloop daarop dat ons ’n werklike geleentheid verbeur – soos Johan de Kock dit in ’n gedig verwoord*:*
*’n Jongman met hoë ambisie / is Matieland toe vir admissie / maar met al sy gevry / is die kursus verby / en aanvaar hy / toe maar demissie*.
Net so wys Danie Marais weer in een van sy gedigte dat geleenthede hulle aanmekaar self belig sodat ons dit nie kan wegwerp nie:
*Bleddie beautiful Bolandse lente jou teatrale / Sonsondergange,*

*jou selfingenome berge / Jy lyk wragtig nie 'n dag ouer nie, inteendeel*...
Só moet 'n bek mos praat oor 'n geliefde!
Van ons gewildste skrywers van kort stories het ook verhale waar iets te viere is, dikwels dan dinge wat geniet kan word soos sekere kossoorte. Ek dink aan Audrey Blignaut se vertelling oor haar geliefde soetpatats resep; Anna M Louw se vertelling *Niks op aarde lekkerder nie* van die gebraaide speenvarkie; Con de Villiers se vertelling *Smaaklike ete*. Etes kan ter enige tyd 'n viering wees, maar selfs sulke alledaagse dinge soos 'n pampoen moet gevier word

aldus die filosoof Marthinus Versfeld, nou reeds salig: in sy vertelling *Mooi Woord, pampoen*: *Aanskou hierdie pampoen. 'n Mooi vaalblou boerpampoen. Die helder, klewerige diamantdruppeltjies sit nog aan die stengel waar jy hom gesny het. Mooi woord, pampoen. Dis so pammerig en so poennerig. Dit voel sommer swaar. So klink hy as jy hom klop. Hef hom in jou hande. Jy moet hom optel. Hy's nie een van jou windblase van pampoene nie. Solied. Dik, vaste, geel-rooivleis sal dit wees, soet en effens droog. Streel hom en laat jou hande onder oor sy gladde ronding loop. Waaraan laat dit jou*

*dink? Tot hiertoe en nie verder nie, dominee. Jy kry sommer lus vir die pampoen... hoe sal ons hom gaarmaak? Die klei-oond is aan die warm word en ons kan dit saam met die brood insit, in die halwe paraffienblik, met 'n bietjie skaapvet. Of wat van bo-op die wildsboudjie in die ysterpot? Dan sal daar mos 'n wêreld se geurtjies in hom binnetrek, knoffel, en varkspek, en vinkel, en taaibosrook, en al daai ou kruietjies wat die grysbok in die veld versamel het... Ek gesels lekker met 'n pampoen*.

Sulke vertellings kan op sigself sommer gevier word!

Ja en natuurlik, is daar die vrug van die wingerd – hier in Calitzdorp van die heel beste. Hy wat in die wye wêreld nog nie die geluk geproe het van die soet en ander wyne van die Gamka nie, mis een of ander vreugde wat nie port mag heet. Maar soos selfs NP van Wyk Louw al beken het, is dit die blerrie soetwyn wat mens deurmekaar laat skryf. En die ou digterlike liedjie vanuit Wuppertal praat die waarheid van 'n viering wat te vêr gestrek het:

*Die kelkie sonder voet / Ja, die kelkie sonder voet, / Toe lag ek oor my lippe / Maar ek huil in my gemoed*.

Selfs die digter Eitemal het die nostalgiese nut van wyn gevier soos dit in sy gedig *Drinklied* staan:

*Vonkelwyn en skaterlaggies / Sprinkel oor ons leed / Tot ons al die muf miserie / Om ons heen vergeet*.

En as enige uitspattigheid miskien gelees word as oordadigheid in viering, moet mens jouself korrigeer deur vanjaar in Namakwaland blomme te gaan kyk – soos DJ Opperman daaroor gedig het:

*Op die groot saaidag van die heelal / het reeds 'n entjie duskant Wuppertal / oor die kaal*

*Noordweste / 'n sakkie van die Heer se beste / saad per ongeluk gelek, gelek en uitgeval*.

Joseph Anderson vat die viering-nodigheid goed saam met sy siening dat wat die mens in hierdie lewe die allernodigste het, is om iets te doen, iets om lief te hê en iets wat jy kan 'vier'.

Mooiloop tot volgende keer.

***Ds. Jan***